

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 15, No. 1

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jan-Feb 2015 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Studeer om misleiding te vermy!

Die hoogs aangeskrewe moderne filosoof, Søren Kierkegaard, skryf in sy *Attack Upon Christendom*: “Die Christelikheid van die Nuwe Testament bestaan eenvoudig nie. Miljoene mense het deur die eeue God bietjie vir bietjie uit Christelikheid gekul en het daarin geslaag om Christelikheid presies die teenoorgestelde te maak as wat dit in die Nuwe Testament is”.

Dit is nodig dat elkeen van ons dus dit wat ons glo, bewys deur werklik die Bybel te bestudeer. Dit is nodig dat ons aanvaar wat die Bybel sê, eerder as om ons eie vooropgestelde idees in die Bybel in te lees.

Dink vir 'n oomblik na. Waarom is die belydende Christendom in meer as 400 kompeterende denominasies en sektes verdeel? Waarom het kerke wat hulleself Christelik noem, soveel verskillende oortuigings en praktyke? Kan dit wees dat God die outeur van verwarring is, of is daar dalk 'n ander verduideliking?

Baie mense sal andere mislei

Dink aan die waarskuwing wat Christus Self gegee het: “Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei” (Mattheus 24:5). Jesus het nie hier gesê dat slegs enkele mense in Sy naam kom nie, maar eerder dat “baie sal kom!” Hulle kom as “Christelike” predikers, verkondig Jesus as die

Christus, nogtans bedrieg hulle baie mense! Met ander woorde, daar sal 'n massa-misleiding wees, gebaseer op die valse onderrig van die baie mense wat sal beweer dat hulle “in Jesus se Naam” kom.

Eerlikwaar, dit is maklik vir godsdienstige leermeesters om die Naam van die Seun van God vir hulle self toe te eien as 'n dekmantel vir hulle persoonlike leerstellings; of wat ookal hulle sê enige verband hou met die ware Jesus se lewe of leerstellings! Dit is waarom die apostel Paulus ons vermaan: “Beproof alle dinge; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21). Elkeen van ons is verantwoordelik om self “seker te maak” oor die leerstellings wat aan ons geleer word – wat ook al die bron. Moenie onverskillige aannames maak nie! Maak seker dat u weet wat die Bybel werklik sê!

Paulus vermaan ons verder: “Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval” (2 Korinthiërs 11:4). Met ander woorde, Paulus het gevrees dat sommige lidmate van die Kerk van sy dag die prooi sou word van “valse” predikers en 'n valse evangelie en gevolglik ook 'n valse Christus sou aanvaar!

Wat van u? Is dit moontlik dat u ook met 'n

“ander Jesus” tevrede is? Kon u mislei gewees het om in 'n valse voorstelling van Christus te glo, saam met 'n valse boodskap wat bloot voorgee dat dit van die ware Jesus gekom het? Hoe kan ons weet wat waar is en wat nie?

Weereens, dit is nodig dat ons die Bybel werklik **bestudeer** om ware begrip te verkry. Dit is nodig dat ons gewillig is en met 'n oop gemoed oorweeg of ons dalk die “tradisies van mense” gevolg het eerder as die gebooe van God (Mattheus 15:3).

Hoe om te studeer

Indien ons die Bybel bestudeer, is dit nodig dat ons leer dat die Bybel die Bybel self interpreteer. Met ander woorde, indien iets onduidelik is, dan behoort ons toe te laat dat eenvoudige, duidelike verse ons help om wat nie so duidelik is nie, te verstaan. Dit is nodig dat ons ook leer om die Bybel van die begin tot einde te bestudeer, soos ons met enige ander boek sou doen. Baie mense spring eenvoudig hier en daar rond en lees sentimentele verse van aanmoediging. Terwyl dit dalk met tye mag help, gee dit **nie** ware begrip van die hele plan en doel van God wat Hy in Sy handleiding, die Bybel, vir die mensdom uiteensit nie.

Begin met bestudering van die Evangelie van Mattheus, die eerste boek van die Nuwe Testament. Lees stadig regdeur Mattheus en merk wat volgens u die belangrike verse is. Die

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik –

Studeer om misleiding te vermy!

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Sal God u en u finansies seën? 3

Terwyl miljoene mense probeer om dit “op my eie manier” te doen, is daar 'n manier wat die toets van die tyd deurstaan het, naamlik “God se manier”, wat ongekende seëninge bring.

Die patriotiese staatsman 8

Laat daar lig wees 10

'n Eenvoudige stukkie advies openbaar ook 'n beginsel eie aan die Christelike leefwyse.

Profetiese tendense vir 2015 11

Van oorloë tot pandemies tot astronomiese wonders, waarvoor sê God se Woord moet ons op die uitkyk wees in die jaar wat voorlê?

Onafhanklikheid verongeluk? 15

Wat kan ons van Skotland se mislukte referendum leer? Wat hou die toekoms vir die Verenigde Koninkryk in?

Môre se Jeug 19

“Dit is wel met my siel”

Parlement en die “Reg om te sterf”? 21

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada, Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Sal God u en u finansies seën?

Deur Roderick C. Meredith

*Hoe kan u seker wees dat die God van die skepping “aan u kant” sal wees in die traumatiese tye wat voorlê? Hoe kan u **seker wees** dat Hy u finansiële situasie en u gesin sal seën namate die einde van hierdie samelewing naderkom? U behoort te **weet!***

Oral om ons kan ons sien dat ons samelewing op dramatiese wyse verander! *Nooit* was daar so baie veranderinge wat so vinnig plaasgevind het as in die afgelope jare nie. Dieselfde-geslag huwelike – 'n paar jaar gelede nog ondenkbaar in ordentlike gesprekke – word toenemend aanvaar as die “wet van die land”. Geweld in ons stede word as vanselfsprekend aanvaar en baie mense blameer selfs die wetstoepassings-owerhede eerder as die misdadigers. Baie jong mense voel dat daar geen werkgeleenthede vir hulle is nie, al het hulle duisende rande se studieskuld opgehoop.

Ons samelewing is ongetwyfeld in 'n warboel. Baie van ons voorvaders hier in Amerika, Kanada en Brittanje [asook Suid-Afrika] sou “in hulle grafte omdraai” indien hulle skielik lewendig sou word en sien wat ons politieke en godsdienstige leiers toelaat en selfs “druk uitoefen”, om dit te laat gebeur.

Ons het die konstante refrein van die sogenaamde “Christelike” predikante wat op die homoseksuele trein spring en probeer om 'n skuldias op diegene te plaas wat van die veragtelikste gedrag wat in die

hele Bybel beskryf word, teenstaan of veroordeel. Ons sien dat *miljoene* jong mense tussen ons, sonder enige huweliksvoordele, “saamwoon”. Dit lyk of Hollywood dit geniet om hierdie sienswyse te bevorder – terwyl die instelling van die huwelik verbrokkel en ons samelewing begin uitmekaarval as gevolg van hierdie en ander gevaarlike veranderinge. Intussen is die Ebola-virus besig om te versprei. Rusland stuur straalvliegtuie wat NAVO se lugruim skend en help skynbaar om 'n “inval” in dele van die Oekraïne te implementeer, terwyl die Verenigde State en NAVO in der waarheid *niks* doen nie. *Regoor die wêreld* sien ons politieke en militêre “onrus” teen 'n ongewone tempo plaasvind.

God moet ingryp

Indien u die Bybel glo of selfs net gedeeltelik verstaan, sal u begryp dat die ewige God sal **moet** ingryp en begin *om dit stop te sit* **indien** Hy volgens die stellings in Sy eie geïnspireerde Woord, die Bybel, optree. Die ewige God is beslis “in beheer” van die wêreldgebeure. Die geïnspireerde Woord van God sê aan ons: “Die HERE **vernietig** die raad van die nasies, Hy verydel

die gedagtes van die volke. Die raad van die HERE bestaan vir ewig, die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag. Welgeluksalig is die nasie wie se God die HERE is, die volk wat Hy vir Hom as erfdeel uitgekies het” (Psalm 33:10-12).

Ja, die raad van die Here “bestaan vir ewig”, want God is **werklik**. Hy **sal** die dinge wat Hy gesê het, laat plaasvind. Hy **sal** diegene **seën** wat Hom werklik vertrou en Hom gehoorsaam!

Weereens, die God wat aan ons lewe en asem gee, sê aan ons: “Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie. Ek sweer by Myself, geregtigheid gaan uit my mond, 'n woord wat nie herroep word nie: dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer” (Jesaja 45:22-23).

Kyk ons werklik na God vir antwoorde?

Waarlik, daar is “geen ander” God wat die mag en die wil het om wêreldgebeure te lei en om diegene te **seën** wat Hom werklik dien nie. Eerlikwaar, my vriende, hierdie is die *beginpunt* van enige bespreking oor die belangrike kwessies van die lewe. *Ons alma!* behoort dit deeglik te *bese*

wanneer ons na die toekomstige veiligheid van onself, ons gesinne en geliefdes kyk – **fisies sowel as finansiële**.

Ons weet dat ons God se seëninge, so mildelik as wat Hy dit wil gee, wil ontvang. Verwag Hy dan enigiets van ons? Wanneer die nodigheid vir ware Christene om “mildelik te gee”, bespreek word, sê die Almagtige God: “Maar *dink* daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai” (2 Korinthiërs 9:6). God sê aan ons dat Hy “*in beheer*” is en in staat is om diegene wat mildelik gee, te **seën**. Hy sê ter afsluiting van hierdie Skrifgedeelte: “En God **het mag** om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk” (vers 8). God is dus “in staat” om aan ons die “geleenthede” te gee en Hy gee aan ons *alles wat ons nodig het*, selfs in tye van benoudheid of nasionale onrus, onbestendige weer, siekte-epidemies of wat ook al. Omdat Hy **God is!**

Ons grote God, die *God van die skepping*, vertel herhaaldelik in die Bybel aan ons dat Hy alles “besit”. Indien ons aan Hom 'n “*tiende*” van ons inkomste gee, *gee ons net aan Hom terug* wat Syne is. Ons wys dat ons Hom werklik “vrees”, Hom eeren Hom *liefhê en dat ons gewillig is om te doen wat Hy sê*. Die meeste van u, intekenaars op die *Wêreld van Môre*, weet dat God aan ons 'n insig van profetiese gebeure gegee het, veel meer as wat die

gemiddelde persoon of selfs 'n predikant kan hoop om te verstaan. God gebruik ons in *hierdie Werk* om Sy boodskap jaarliks *kragtiger* uit te dra aan die wêreld. Ons sal dus onverskillig wees indien ons u nie soms herinner aan God se *direkte opdrag* wat betref **betaling van tiendes** nie en die seëninge wat u sal ontvang indien u bereid is om u Skepper te gehoorsaam en bowenal, om “eers” die Koninkryk van God te “soek”, selfs in u finansiële sake!

Wat God se Woord openbaar

Wat “is God se gedagtegang” wat betref ons *finansiële verantwoordelikheid* teenoor die Skepper wat aan ons lewe en asem gee? Wat openbaar **God** duidelik in *Sy geïnspireerde Woord*? Na die beskrywing van die gebeure wat betrekking het op Israel se uittog uit Egipte en die beproewings en toetse en **straf** wat God oor antieke Israel laat kom het, skryf die apostel Paulus: “Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as **voorbeelde** en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het” (1 Korinthiërs 10:11).

Een van die belangrikste voorbeelde wat in die hele Ou Testament gegee word, is die voorbeeld van Abraham. Want Abraham word “die vader ... van almal wat glo” genoem (Romeine 4:11). Hy word ook by drie verskillende geleenthede “n vriend van God” genoem (Jakobus 2:23; 2 Kronieke 20:7; Jesaja 41:8). Deur Abraham se volgehoue gehoorsaamheid aan

God (Genesis 26:5), word Abraham as 'n voorbeeld gebruik van God se eie karakter, op 'n manier soos wat *geen ander man* in die Bybel nog ooit gebruik is nie (Genesis 22).

Ons sal dus sekerlik Abraham se voorbeeld *wil volg!*

Hoewel Abraham werklik 'n belangrike man was, word selfs 'n *belangriker* Persoonlikheid in Genesis 14:18-20 bekendgestel: “Melgisédek”, Koning van Salem. Hierdie groot Persoonlikheid word in Hebreërs 7:1-3 beskryf: “Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van God, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het; *aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het* – hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede; sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur”.

Indien u hierdie hoofstuk noukeurig lees, word dit duidelik dat Melgisédek nie 'n man was nie, maar in werklikheid die Persoonlikheid was wat in die Nuwe Testament Jesus Christus Self geword het! God sê aan ons in Hebreërs 7:9: “En, om so te sê, het ook *Levi* wat tiendes ontvang, *deur Abraham tiendes gegee*”.

Hierdie *kragtige voorbeeld* van Abraham, die “vader van die

gelowiges”, wat **tiendes** aan Melgisédék **betaal** het behoort deurslaggewend te wees vir alle Godvresende persone om die voorbeeld van die vader van die gelowiges te wil volg, **indien** daardie persoon waarlik getrou aan sy Skepper wil wees! Soos aangedui in Hebreërs 7:9, is dit nie net 'n kwessie van 'n tiende aan God “gee” nie, want Levi het tiendes deur Abraham “gegees”. Die oorspronklike voorbeeld vertel aan ons dat Abraham daarvan bewus was dat God “die besitter van hemel en aarde” was. God is ons Skepper, ons Onderhouer en ons Voorsiener. Hy maak dit vir ons moontlik om die lug wat ons inasem, in te asem, om die water wat ons drink, te drink en die kos wat ons eet, te eet. Die meeste mense *dink eenvoudig nie daaraan nie!* God maak dit in Sy geïnspireerde Woord duidelik dat ons aan Hom 'n tiende van ons verdienste **verskuldig** is, aangesien Hy ons opperste “Landheer” en ons God is.

Abraham se wonderlike voorbeeld kan nie deur diegene wat valslik beweer dat die gee van tiendes maar net deel was van die “wet van Moses” weerlê word nie! Moses was *nog nie eers gebore* toe Abraham aan ons die voorbeeld van tiendes gestel het nie! Later vind ons dat die aartsvader Jakob ook aangedui het dat hy tiendes aan God gee (Genesis 28:22).

Tiendes was nog altyd deel van God se plan

In Genesis 26:3-5 vind ons die verhaal van hoe God met

Isak gepraat en beskryf het hoe Hy ongelooflike seëninge van nasionale voorspoed en miljoene nasate aan Abraham gegee het. **Waarom?** “[O]mdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my **gebooie**, my **insettinge** en my **wette** onderhou het”. **Betaling van tiendes** was sekerlik een van hierdie *insettinge* (Levitikus 26:46; 27:30). Abraham was dus eenvoudig gehoorsaam aan gebooie en insettinge wat God *reeds bekend gemaak het* lank voordat daar ooit van Moses gehoor is! So het Abraham die “vriend van God” geword!

Teen die einde van die Ou Testament, in Maleagi, 'n soort “oorbruggingsboek” wat oorloop tot in die Nuwe Testament, sê God aan ons voorvaders: “*Want Ek, die HERE, het nie verander nie*” (Maleagi 3:6). God het sekere basiese gebooie en insettinge vasgelê, wat vir die mens *vir ewig duur*. Om **tiendes te betaal** is beslis een van hierdie insettinge. Die geïnspireerde opdrag gaan voort: “Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die **tiendes** en die **offergawe**. Met die vloek is julle belaa, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie! Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskaer, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie” (verse 8-10).

Omdat ons menslike natuur

basies selfsugtig is en omdat God nie vir die meeste mense 'n “werklikheid” is nie, kom hulle en selfs die *meeste predikante* met verskonings waarom ons kwansuis nie nodig het om tiendes te betaal nie. *Waarom nie?* Die Bybel antwoord: “... omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie” (Romeine 8:7). Dit lyk of ons vleeslike mense van nature 'n weersin het in die idee van 'n magtige God wat 'n “**Wet**” het wat aan hulle vertel wat om te doen!

Die tipiese argumente teen tiendes erken gewoonlik dat tiendes 'n *Wet* in die Ou Testament was, maar dat dit nie in die Nuwe Testament vereis word nie. Jesus Christus het nogtans Self duidelik verklaar: “Elkeen dus wat *een van die minste van hierdie gebooie breek* en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word *in die koninkryk van die hemele*” (Mattheus 5:19). Daarom, soos dit vir almal wat oë het om te sien duidelik behoort te wees, het Jesus spesifiek aangedui dat Sy ware dissipels selfs die “minste” van God se Gebooie behoort te gehoorsaam!

Het Jesus egter Self *duidelik aangedui* dat die betaling van tiendes nog van krag is?

Ja! *Hy het*. Let op na Sy woorde: “Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van

kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat" (Mattheus 23:23). Hier dui Jesus aan dat Hy van diegene wat liefde, geregtigheid, barmhartigheid en trou beoefen, verwag om *ook* tiendes te betaal! Enige eerlike grammatika-onderwyser – indien dit enige ander onderwerp was – sou saamstem dat Christus vir ons sê om nie die betaling van tiendes na te laat nie! Ons moet nie betaling van tiendes "ongedaan" laat nie!

Hoe duidelik is dit nie!

Nie van brood alleen nie

My vriende, Jesus Christus het gesê: "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Lukas 4:4). Dit behoort dus vir enige ware Christen baie duidelik te wees dat ons regtig behoort te luister na wat God so duidelik in Sy geïnspireerde Woord sê! Indien u die hele strekking van *dosyne ander* uitsprake in die Bybel verstaan, kan u verstaan dat God nie mense waardeer wat altyd probeer om wat Hy ons vra om te doen, "te omseil" nie! Hy sal ons *seën*, ons *beskerm* en ons lewens vir altyd ten goede rig, **indien** ons opreg na Sy wil soek en probeer om *Christus in ons te laat leef* deur die Heilige Gees. Trouens, dit is die beste *enkelvers-definisie* van 'n ware Christen in die Bybel. Die apostel Paulus is geïnspireer om

te skryf: "Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Galasiërs 2:20).

Indien Christus werklik deur die Heilige Gees in ons leef, sal ons vanselfsprekend na maniere soek om God te *eer*, God te *gehoorsaam* en om *alles wat ons kan* te doen ter bevordering van die Werk van God, om voor te berei vir die toekomstige glorieryke Koninkryk van God wat binnekort op hierdie aarde gevestig sal word. Ons sal betrokke "wil" wees in dit wat Christus doen. Ons sal innig begeer dat Christus Sy lewe in ons leef. Ons sal God en Christus op elke moontlike manier "soek", sodat ons in elke opsig die "gedagtes van God" kan hê om met Hom te wandel, nou en vir ewig.

Soos op baie gebiede van die ware Christelike lewe, behels die betaal van tiendes ons bereidwilligheid om werklik te **vertrou** in die God wat ons lewe en asem gee. God dui gereeld in die Bybel aan dat Hy diegene wat Hom werklik liefhet en op Hom **vertrou**, *ryklik sal seën*. Let op wat God vir koning Dawid, die man na God se hart, tussen talle soortgelyke skrifgedeeltes geïnspireer het om in Psalm 37:3-5 aan ons te sê: "Vertrou op die HERE, en doen wat goed is; bewoon die aarde en beoefen getrouheid, en verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou

hart. Laat jou weg aan die HERE oor en vertrou op Hom en Hy sal dit uitvoer".

God let op die "hart" van Sy volk

My vriende, ons is beslis aan die einde van 'n era. Soos gebeure wat rondom ons plaasvind aandui, is God nou besig om toenemend op kragtige maniere in wêreldsake in te gryp. Hy is deur Sy dienaars en Sy ware Kerk besig om *die weg voor te berei* vir die Wederkoms van Jesus Christus as Koning van die konings!

God wil hê dat ons *almal* in Sy Koninkryk sal wees, elkeen op die regte tyd. Hy moet egter eers weet waar ons "hart" is. Jesus Christus sê aan ons: "En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het" (Openbaring 2:26-27).

Dit is die **oorwinnaars** wat in die Millennium by Christus sal aansluit om te heers oor die nasies van hierdie aarde en so 'n einde sal bring aan eeue van verwarring en oorlog. God sal hierdie voorreg aan diegene gee wat **ywerig** is in die bediening van hulle Maker, nie aan diegene wat "louwarm" is nie. In der waarheid, toe Hy die mense in die laaste dae voor Sy Wederkoms beskryf, sê Jesus: "Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug" (Openbaring 3:16). God wil hê dat elkeen van

ons, diegene wat deel is van Sy toekomstige "span" heiliges, wat opgewek sal word om oor die aarde te regeer, **nou** "aan die brand" sal wees vir Sy Koninkryk, vir Sy doel en vir Sy groot opdrag om *Sy boodskap kragtig* aan 'n sterwende wêreld te verkondig, terwyl ons die geleentheid het!

Dus, aan diegene wat na 'n verskoning soek en *enige moontlike rede* probeer aanvoer om die noodsaaklikheid om tiendes te betaal te ontken, toon God se Woord duidelik aan dat hulle 'n *verlore saak najaag!* Sulke mense is nie werklik aan God onderworpe nie. Hulle het nie die vurige begeerte om Sy wil te doen nie, ook wil hulle nie met hulle hele wese Christus se boodskap aan die wêreld verkondig nie.

Eenkeer toe Jesus bevraagteken is omdat Hy nie middagete geëet het nie, het Hy geantwoord: "My **voedsel** is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy **werk te volbring**" (Johannes 4:34). Jesus gaan voort deur te sê dat ons almal ons deel behoort te doen om die "oes in te samel" van diegene wat in hierdie tyd deur God geroep word. Hy sê:

"En hy wat maai, ontvang loon en vergader vrug vir die ewige lewe, sodat die saaiër en die maaier saam bly kan wees" (vers 36).

Inderdaad, u sal **nie** "slegter daaraan toe wees" omdat u 'n **volle tiende** van u inkomste en enige ander "toevoeging" wat u mag ontvang aan u Skepper te gee nie (Spreuke 3:9)! U sal eerder "loon ontvang" wat lei tot die **ewige lewe!** U sal 'n groter posisie van eer en geleentheid ontvang indien u "hart" werklik daarin is om God se wil te doen en op elke moontlike manier te help met die verkondiging van Sy boodskap.

U behoort nou te handel!

Dit is in daardie gees dat ek u *almal* aanspoor om God se Wet van tiendeheffing te beoefen. Dit is in daardie gees dat ek u almal aanmoedig om vas te stel waar *Christus besig is om te werk*, om seker te maak dat u u tiende betaal aan die *ware verteenwoordigers* van Christus wat *Sy boodskap* huidiglik aan die wêreld verkondig, wat *Sy geïnspireerde profesieë* verduidelik en waarlik in hierdie tyd *Sy Werk* doen.

God openbaar dat diegene

wat hulle Skepper in hierdie belangrike finansiële saak getrou **gehoorsaam**, op baie maniere **geseën** sal word. Hy belowe dat Hy "vir julle ... die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorfloedige seën sal uitstort" (Maleagi 3:10). Alhoewel God aan *niemand* beloof om 'n miljoenêr te word nie, sal God **nooit** diegene verlaat wat werklik getrou aan Hom is nie (Hebreërs 13:5). Hy sal oor hulle waak, hulle finansiël seën, hulle beskerm en hulle lei namate hulle leer om in opregtheid en waarheid "met Hom te wandel". Mag God ons help om te verstaan en om te *doen* wat Sy Woord so duidelik openbaar. Mag God elkeen van ons help om *ons deel* **ywerig** te doen ter uitvoering van Sy werk aan die einde van hierdie tydperk! Mag God *u* help om te verstaan en te leer om u Skepper werklik te *vertrou*. Dan, wanneer u werklik met Christus "wandel" in *elke area* van u lewe, sal u spoedig hand aan hand met Hom loop, reguit oor na die *ewige lewe* in die Koninkryk van God! **WVW**

God se mense betaal tiendes!

Het u geweet dat die Skepper 'n finansiële wet het wat op hedendaagse Christene van toepassing is en dat die Almagtige God diegene wat bereidwillig is om daardie wet in geloof te onderhou, sal seën?

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

Die patriotiese staatsman

Deur Stuart Wachowicz

In Kingston, Ontario, in die ou Cataraqui Begraafplaas, kan mens 'n onopvallende grafsteen waarop 'n eenvoudige inskripsie gegraveer is, maklik miskyk: John Alexander MacDonald, 1815-1891, rus hier.

'n Mens sou nooit vermoed dat hierdie graf die stoflike oorskot van een van die groot dryfkragte agter die skepping van die Dominium van Kanada bevat nie. MacDonald was 'n talentvolle, hardwerkende man met visie wat twee groot erflatings nagelaat het – die eenwording van die Britse kolonies in die noordooste van Noord-Amerika tot 'n enkele nasie en die uitbreiding van hierdie unie oor die vasteland tot aan die Stille Oseaan en die Noordelike Yssee.

MacDonald is in Januarie 1815 in Glasgow, Skotland gebore. Vyf jaar later het sy ouers na Kingston, wat in die destydse Bo-Kanada geleë was, verhuis. Hy het aansienlike vermoëns gehad en hy is op die ouderdom van 15 gekies om sy leerlingskap by 'n plaaslike prokureursfirma te doen. Hy is op die ouderdom van 20 by die Prokureursorde van Bo-Kanada ingelyf. In daardie vroeë dae was sy politieke siening ietwat beïnvloed deur 'n kort opstand in Bo-Kanada, asook deur die Republikeinse sentiment suid van die grens wat sy sienswyse ondersteun het. Terwyl hy gehelp het om die rebellie te bedwing, het hy ook sommige van die rebelle verdedig en so sy

reputasie as verdedigingsprokureur opgebou.

In die 1840's het MacDonald 'n setel in die Bo-Kanadese wetgewende mag verower. Teen 1854 het hy Premier geword. MacDonald het sy regspraktyk regdeur sy politieke loopbaan voortgesit. Terwyl hy die regte van 'n individu wat 'n teenstrydige mening gehuldig het streng verdedig, het MacDonald na geleenthede gesoek om werkbare koalisies van mense, politieke partye en besighede te skep om groot idees te verwesenlik. *“MacDonald sou dapper genoeg wees om moeilike besluite te neem en wys genoeg om sy eie ego te onderwerp om 'n saak te ondersteun”* (*“Canada's Patriot Statesman”*, *Library and Archives Canada*). In 'n land met 'n sterk Engels-Franse verdeling, het MacDonald, wat Frans gepraat het, vennootskappe opgebou met Franse Kanada – merkwaardig genoeg met die “Vader van die Konfederasie”, George Etienne Cartier – om sodoende twee volke te verenig in 'n gemeenskaplike droom.

Die geheelbeeld

Om ware oplossings te sien en dit werklikhede te maak het groot vaardigheid en wysheid geveer, maar ook nederigheid en die vermoë om te inspireer. Die voormalige Eerste Minister, John Turner, het 'n storie vertel wat hierdie kwaliteit van MacDonald

illustreer:

David Thompson, 'n liberale Lid van die Parlement (LP) ... het pas na die Parlement teruggekeer na 'n lang afwesigheid weens siekte ... Thompson berig: “Die eerste man wat ek teëgekome het, was [liberale leier Edward] Blake; hy het slegs met 'n gewone kopknik by my verbygestap, asof hy vergeet het ek was weg. Daarna ontmoet ek [liberale LP Richard] Cartwright, wat net so afsydig was. Daarna kom ek Sir John teë en hy het, terwyl hy die Raadsaal haastig binnegekome het, my op die skouer geklop, my hand gegryp en gesê: 'Davy, ek is bly jy is weer terug; ek hoop jy sal nog lank lewe om teen my te stem'. Dit was nogal moeilik om nie 'n man soos daardie te volg nie” (*ibid.*).

Na die VS-verkieping in 1864, het die Republikeine, in 'n poging om die Ierse Amerikaners te paai, in Julie 1866 die Kanadese Anneksasie Wet ter tafel gelê. Vrees vir anneksasie deur die VS was die grootste enkele faktor wat MacDonald en sy bondgenote in staat gestel het om eenstemmigheid vir samesmelting te bereik.

Die Britse parlement het gevolglik in 1866 die Britse

Noord-Amerikaanse Wet goedgekeur, waarvan groot dele deur MacDonald opgestel is. Die datum wat gekies is as die dag waarop die Dominium van Kanada gebore sou word, was 1 Julie 1867. MacDonald was die logiese keuse om die eerste premier te geword. Baie uitdagings het voorgelê, maar sy drome, geduld en bereidwilligheid om ander mense se menings te respekteer, het hom in staat gestel om 'n samebindende faktor te wees.

MacDonald het gefokus op weswaartse uitbreiding van die Konfederasie na die Stille Oseaan. Hy het die taakspan wat die provinsie van Manitoba tot stand gebring het gelei (1870), die toevoeging van Brits-Columbië (1871) het gevolg. Laasgenoemde het die belofte van 'n transkontinentale spoorlyn vereis, die grootste enkele projek wat nog ooit deur die Kanadese regering onderneem is en het massiewe befondsing vereis. In die proses was MacDonald en sy regering vasgevang in 'n ontsaglike finansiële skandaal, wat in 1873 tot sy regering se val gelei het. In 1878 het hy egter teruggekeer. Die bevolking het iemand met 'n rekord van toekomstgerigtheid gesoek. MacDonald het vier agtereenvolgende verkiesings gewen en die jong nasie standvastigheid gegee. Hy het aan 'n sterk sentrale regering geglo wat bereid sou wees om te spandeer op projekte van nasionale belang. Om orde na die Weste te bring het hy toesig gehou oor die ontwikkeling van

'n nasionale polisiemag, wat later die *Royal Canadian Mounted Police* geword het. Hy was met 'n nasionale krisis gekonfronteer toe 'n rebellie in die Noordweste ontstaan het. Hierdie uitdagings het fermheid en balans vereis.

Krag ten tye van beproewings

Ten tye van al hierdie gebeure het MacDonald ook baie persoonlike beproewings verduur. Sy eerste kind het op 13 maande gesterf en sy eerste vrou (Isabella) is deur 'n aftakelende siekte aangetas wat haar lewe 13 jaar later geëis het. MacDonald, wat geruk is deur hierdie gebeure, was 'n lojale eggenoot en liefdevolle vader. Hy is tien jaar later weer getroud. Hy het sy nuwe vrou, Susan Anges, innig liefgehad, maar hulle is spoedig platgeslaan toe hulle dogter erg gestremd gebore is. Hy het elke poging aangewend om so veel as moontlik by sy gesinslede te wees.

In "*The Mounted Police and Prairie Society 1873-1919*" skryf Adele Perry: "Terwyl Eerste Minister MacDonald gekonfronteer was met die siekte van sy vrou, persoonlike finansiële krisis en baie dringende probleme van die nasie, het hy die formele goedkeuring van 'n westelike polisiemag uitgestel totdat die tyd reg was. Dit het veroorsaak dat Kommissaris Irvine van die Noordwestelike Berede Polisie, wie se werksaamhede verdrag was omdat hy vir goedkeuring moes wag, om na MacDonald te

verwys as '*Old Tomorrow*'" (bl. 8). Die bynaam het vasgesteek!

Dit was 'n karaktertrek van MacDonald om moeilike kwessies te vermy, totdat die regte oomblik vir sukses sou aanbreek. Geskiedenis onderstreep die wysheid daarvan om te wag om beleide te implementeer totdat behoeftes geïdentifiseer is. Teen die einde het hy byna al sy drome bereik. Die Kanadese Senator Hugh Segal, skryf van MacDonald: "Hy kon altyd 'n koalisie bou rondom 'n kwessie wat saak gemaak het ... Dit was sy heel onweerlegbaarste sukses. Daar kom 'n punt in enige politieke partydebat waar dit vir 'n mens nodig is om terug te staan en te besef dat daar iets meer is ... en dit is lojaliteit teenoor jou land" ("*Canada's Patriot Statesman*", *Library and Archives Canada*).

"Old Tomorrow" het aan 'n jong nasie versierendheid en doelgerigte leierskap gegee. MacDonald was nie sonder foute en swakhede nie, maar gebrek aan liefde vir sy land en gesin was nie een daarvan nie. Opreghed, visie, spanbou, vasberadenheid en integriteit is waarna God soek in Sy toekomstige leiers – diegene wat bereid is om te werk aan die vervolmaking van hulle eie karakter en wat die aankondiging van God se komende heerskappy op die aarde ondersteun, terwyl hulle op Hom wag om die regte oomblik te kies om 'n regverdige regering oor die hele wêreld te herstel. Dit kan u lutsbestemming wees in die Wêreld van Môre. **WvM**

Laat daar lig wees

Deur William L. Williams

“... en die lewe was die lig van die mense.”

Hou altyd 'n flitslig byderhand in u huis of werkplek, of wanneer u reis. Hou dit maklik bereikbaar en hou dit in 'n werkende toestand. U weet nooit wanneer u dit mag nodig kry nie. Dit mag klink na algemene kennis, maar lig **kan** werklik u lewe red. Dit is dus geen verrassing dat lig een van die heel belangrikste begrippe in die Bybel is nie.

Moet lig nooit as vanselfsprekend aanvaar nie. Dit is een van die basiese behoeftes van lewe. Selfs in die swart dieptes van die oseane, onaangeraak deur daglig, is daar lewensvorme wat lig gebruik en wat toegerus is om “bioluminesensie” vir 'n verskeidenheid van funksies voort te bring. Plante het dit nodig. Diere het dit nodig. U het dit nodig.

Skakel 'n lig aan en u aktiveer een van u belangrikste sintuie om voorbereid te wees teen onsigbare gevare – daar is talle kreature vir wie helder lig baie ongerieflik is. Sommige van die lastige dierasies wyk met die eerste straal van skielike lig – soos wasbere en ander nagtelike indringers en die alomteenwoordige kakkerlak. Lig kan selfs meer gebruik word om plaë en roofdiere weg te hou.

Lig bied ook veiligheid tydens noodgevallen, wanneer motors in die nag breek of krag-

netwerke onklaar raak en ons bevind ons in letterlike duisternis waarin ons kan struikel, maar dit is nie die enigste duisternis waarin ons kan struikel nie.

Die lig van die mens

Die apostel Johannes skryf van Jesus Christus: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie” (Johannes 1:1-5). In hierdie gedeelte identifiseer Johannes baie duidelik dat Jesus lank voor Sy verwekking op aarde bestaan het as die ware geestelike Lig van die mensdom.

Die woord “lig” in hierdie verse, *phos* in die antieke Grieks, beteken letterlik “glans” of selfs in sommige gevalle “geestelike verligting” en is afgelei van die oorspronklike woord *phaō*, wat beteken om “openbaar te maak”. Wanneer Johannes sê dat hierdie lig teen die duisternis skyn (onkunde en afvalligheid van hierdie wêreld, Romeine 1:20-22) kon die duisternis dit nie begryp (of bemeester) nie.

Soos u kan sien was dit 'n baie kragtige lig. Op watter wyses

verlig die lig van Christus en die kennis van God se weë die lewe en jaag dit die skaduwees weg?

Een van die skrifgedeeltes in die Bybel wat te min gebruik word, is Mattheüs 18:15, wat na een manier verwys. Deur 'n saak wat ons grief onder die aandag van 'n buurman te bring, eerder as om dit te verswyg en te probeer om ons sin te kry, “skyn ons 'n lig” op die situasie en handel ons met deursigtigheid (Johannes 3:20-21), ongeag die ander persoon se optrede.

God laat sy lig skyn

God se Woord skyn ook 'n lig, deur voorskrifte oor gebed te gee, veral oor wat die Bybel voorbedding noem (1 Timótheüs 2:1-3). Vurige, opregte gebede deur diegene wat aan God se wil gehoorsaam is het “groot krag” (Jakobus 5:16) en sal nie ongehoord by God verbygaan nie. Getroue gebede, selfs vir diegene wat dalk u vyande is, is vir God baie belangrik (Mattheüs 5:43-45). Indien ons onself dwing om 'n poging aan te wend, word die pad na vergifnis, besluitneming en ware gemoedsrus vir ons duidelik gemaak en goed verlig. Ons skyn die lig van genade op ander en sodoende sal God dit op ons skyn (Markus 11:25). Daar is nie 'n veel beter manier om die skaduwee van emosionele onrus

Vervolg op bladsy 26

Profetiese tendense vir 2015

Deur Richard F. Ames

Bybelprofesie gee aan ons 'n oorsig van toekomstige gebeure. Jesus Christus het aan Sy volgelinge gesê om te "waak" [op die uitkyk te wees] vir die tekens van die eindtyd (Mattheus 24:42). Wat is dan die tekens waarvoor ons op die uitkyk moet wees? Waarvan kan ons seker wees volgens die Skrif? Ons behoort voorbereid te wees vir 2015 ... en daarna!

In 2014 het die drama van die menslike geskiedenis en die geweld en oorlog onverpoos voortgeduur. Koalisie-magte het die ekstremistiese Islamitiese mag naamlik ISIS, aangeval. Militêre vliegtuie van verskeie lande het ISIS-teikens in Irak en selfs in Sirië gebombardeer. Rusland se militêre magte het die Krim Skiereiland binnege-marsjeer en dit as sy eie grondgebied opgeëis. Japan en China was oor omstrede eilandgebiede in stryd met mekaar. Palestynse militêre basisse in Gaza het meer as 4,000 missiele na Israel afgevuur, sommige tot so ver as Tel Aviv, waarin dosyne Israeli's gedood is. Dit het Israel aangehits om voetsoldate in Gaza in te stuur om hierdie aksie stop te sit, waarin duisende Palestyne gevolglik gedood of beseer is. Joernaliste is selfs deur ekstremiste onthoof, namate bloedige onheil sy goddelose verskyning gemaak het. In Wes-Afrika het duisende mense van die Ebola-siekte gesterf. Soos baie van u weet het Jesus van Nasaret gewaarsku dat daar verskriklike siekte-epidemies in die profetiese eindtyd sal wees, die tyd waarin ons nou leef! Hy het gewaarsku: "... en daar sal hongersnode wees en pes-siektes en aardbewings op

verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte" (Mattheus 24:7-8).

Oorloë, konflikte en terrorisme

Sal ons egter ooit die einde van konflikte, oorloë en geweld sien? Is daar enigiets wat u kan doen om van die gevaarlike tye wat voorlê te ontvlug? Jesus gee 'n uiteensetting van profetiese gebeure in die bekende "Olyfbergpredikasie" (dit word so genoem omdat dit op die Olyfberg gespreek is). U kan dit self lees in Mattheus 24, Markus 13 en Lukas 21. Die Verlosser sê: "En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander" (Mattheus 24:6-7).

Het die menslike natuur verander sedert Christus hierdie woorde gespreek het? Nee! Die laaste honderd jaar het aan ons twee wêreldoorloë, die Koreaanse Oorlog, die Viëtnamese oorlog, 'n paar Midde-Oosterse oorloë en terrorisme regoor die VS, Groot Brittanje en baie ander nasies gebring. Nasies teen nasies, etniese groepe teen etniese groepe, godsdienstige

sektes teen godsdienstige sektes, geweld duur voort en heel aan die einde sal dit selfs nog erger word.

Wêreldgeskiedenis het getoon dat regerings en alliansies nie blywende vrede kan voortbring nie. Die apostel Paulus haal die profeet Jesaja aan, wat hierdie ontstellende werklikheid as volg stel: "... en die weg van vrede ken hulle nie. Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie" (Romeine 3:17-18).

Voortgesette ontwikkeling in Europa

Watter ander groot tendense kan ons in 2015 verwag? Openbaring 17 beskryf die herlewing van 'n geheimsinnige "Dier"-moonheid. Ons lees: "En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly" (Openbaring 17:10).

Gereelde lesers van hierdie tydskrif verstaan dat hierdie Europese supermoonheid 'n herlewing sal wees van die antieke Romeinse Ryk. Tien konings of koninkryke sal 'n kragtige alliansie met die Diermoonheid vorm. "En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle

ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou” (Openbaring 17:12-14).

Is dit vir u 'n verrassing? Selfs die oorspronklike *Douay-Rheims Bybel*, wat vertaal is uit die Latynse Vulgaat vir gebruik deur die Rooms-Katolieke, sluit hierdie verrassende erkenning oor die “Dier” van Openbaring 17 in. Wanneer vers 11 beskryf word, erken die kommentaar: “Die dier waarvan hier gepraat word lyk of dit die Romeinse Ryk kan wees, soos in hoofstuk 13”. Die *Douay-Rheims* kommentaar oor Openbaring 13:1 sê die volgende: “Die beeld van die eerste dier is gebaseer op die sewende hoofstuk van Daniël. Hierdie dier is 'n uitbeelding van die koninkryke van die wêreld, koninkryke wat gebou is op passie en selfsug, wat in elke tydperk vyandiggesind is teenoor Christus en wat poog om die dienaars van God te onderdruk. Imperiale Rome verteenwoordig hierdie mag”.

Bybelprofesie openbaar dat die politieke entiteit wat 'n herleefde Romeinse Ryk sal word, onder die beheer van 'n “vrou” sal wees, 'n Bybelse simbool vir 'n kerk, wat op die Dier sal “ry” en dit sal beheer. Ons lees: “... en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier,

vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery; en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: *Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde*. En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien” (Openbaring 17:3-6).

Ja, daar word ook na die geprofeteerde eindtydse diermoondheid verwys as Groot Babilon. Hierdie supermoondheid sal net vir 'n paar jaar stand hou. Die apostel Johannes skryf: “En ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlijkheid. En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid” (Openbaring 18:1-3).

Hierdie eindtydse herlewing

van die Romeinse Ryk sal tot 'n ekonomiese supermoondheid groei en sal die internasionale politiek oorheers. Dit sal oor so 'n moderne militêre magsbron beskik dat dit selfs teen Christus met Sy Wederkoms sal veg, soos ons in Openbaring 17:14 lees. Sal al hierdie dinge in 2015 in plek val? Moontlik glad nie. Daar is nogtans geprofeteer dat dit vóór Christus se Wederkoms sal plaasvind. Wees dus op die uitkyk vir die opkoms van 'n magtige Europese same-smelting van state, terwyl dit die weg voorberei vir die finale eindtydse herlewing van die Romeinse Ryk.

Hemelse tekens?

Baie van u wat hierdie tydskrif lees, mag vertrou wees met selfaangestelde predikers wat met wilde idees vorendag gekom het oor die sogenaamde “bloedmane” van 2014-15. Wat is dit? Dit is 'n astronomiese natuurverskynsel, waartydens siklusse homself elke 550 jaar of so herhaal, waarin vier algehele maansverduisterings in skakerings van dieprooi plaasvind. 'n Persverklaring deur die Nasionale Lugvaart en Ruimte Administrasie beskryf die maan se kleur as “sonsondergang rooi” en beskryf elke verduistering as dat die maan “'n koperkleurige gloed kry en dan in 'n groot rooi bol verander”. Die eerste twee van die vier het op 15 April en 8 Oktober in 2014 plaasgevind. In 2015 was die verduistering op 4 April en daar sal op 28 September weer een wees. Sal enige van hierdie vier

Christus se Wederkoms aankondig? Nee! Die waarheid is dat u Bybel 'n toekomstige gebeurtenis beskryf wat nog meer asemrowend sal wees as hierdie bloedmane. “Ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed” (Openbaring 6:12). Die opskrif in sommige Engelse Bybels net bokant hierdie afdeling is: “Sesde seël: Kosmiese Versteurings” en inderdaad sal hierdie “bloedmane” dof vertoon in vergelyking daarmee.

In die werklike vervulling van die “sesde seël” soos in die Skrif geprofeteer word sal die kosmiese versteurings sonder gelyke wees. Let op: “... en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy nabye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?” (Openbaring 6:13-17).

Hierdie kosmiese ver-

steurings sal die Dag van die Here aankondig, die “groot dag van [Christus se] toorn”. Watter lesse kan ons uit hierdie hemelse tekens leer? Wanneer dit kom, sal dit nie die begin van die Groot Verdrukking aankondig nie, maar eerder die einde daarvan en die begin van die Dag van die Here, die finale jaar van die menslike geskiedenis voor Jesus Christus se Wederkoms!

Gedurende die Groot Verdrukking sal die wêreld Satan se toorn teen ware Christene ervaar asook op die Westerse nasies, die afstammeling van die Huis van Israel. Die Skrif sê aan ons dat hierdie tyd, uniek in die hele geskiedenis, die tyd van benoudheid vir Jakob sal wees: “Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word” (Jeremia 30:7). Onthou dat Jakob se naam na Israel verander is. Die huis van Israel het die “verlore” tien stamme geword, die Amerikaners en nasies van Britse afkoms, met inbegrip van die nasies van noordwes-Europa.

Het God voorheen tekens in die hemel gegee? Ja, Hy het! Lees van die duisternis wat geval het toe Jesus gekruisig is, dit was op Woensdag, 25 April in 31 n.C. Die mense van Jerusalem het vir drie ure lank 'n bonatuurlike duisternis gesien (Mattheus 27:45). Later daardie nag het 'n maansverduistering ook plaasgevind. Die apostel Petrus het, in sy inspirerende Pinkster-boodskap, die profeet

Joël aangehaal in die beskrywing van die hemelse tekens wat nog moet kom. “En Ek sal wonders gee bo in die hemel en tekens onder op die aarde, bloed en vuur en rookdamp. Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom. En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word” (Handelinge 2:19-21).

Hou Jerusalem dop!

Die stad Jerusalem en veral die gebied van die Tempelberg, bly steeds 'n bron van konflik tussen die Jode en Moslems, Israeli's en Palestyne. Gedurende die afgelope jare het klein groepies Jode begin voorberei om diere-offers, wat in 70 n.C. toe die Tweede Tempel vernietig is tot 'n einde gekom het, weer in te stel. Israelse howe het die Joodse aktiviste se pogings om hulle erediens te op die Tempelberg in te stel, verbied.

Ons weet uit die profesie van Daniël dat daar in die eindtyd 'n herlewing van diere-offers sal wees en dat dit dan verbied sal word, net soos onder die Griekse heerser, Antiochus Epiphanes, wat in 167 v.C. 'n bevel uitgereik het wat offers in Jerusalem se Tempel verbied het. Voorheen het Antiochus die tempel verder ontheilig. Hy het 'n standbeeld van Jupiter Olympus in die tempel opgerig en almal beveel om dit te aanbid.

Eweneens waarsku die boek Openbaring van 'n toekomstige besetting van

Jerusalem deur 'n heidense moondeheid. "En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap" (Openbaring 11:1-2).

Wat sal gedurende daardie tyd gebeur? "En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal duisend-tweehonderd-en-negentig dae verloop" (Daniël 12:11). Indien die daaglikse offer weggeneem word, dan moet dit nog eers op 'n tyd begin wat in die toekomst lê. My vriende, wanneer dit gebeur, sal u weet dat die einde van hierdie wêreld se beskawing aan die kom is.

Christene moet voorberei!

Aan die een kant mag dit maklik wees om moedeloos te word wanneer ons al die lyding en tendense rondom ons sien.

Aan die ander kant, wanneer ons weet dat die geprofeteerde gebeure nog eers oor 'n paar jaar kan plaasvind, kan dit ook maklik wees om op te hou om aandag te skenk aan Christus se bevele. Watter waarskuwing het ons Verlosser ons in hierdie verband gegee? "Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:34-36).

As Christene moet ons waaksaam bly vir die profesieë wat Jesus ons gegee het. Ons moet nie geestelik aan die slaap raak nie. Die apostel Paulus gee ons hierdie vermaning: "En dit te meer, omdat ons die tyds-omstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as

toe ons gelowig geword het. Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord" (Romeine 13:11-12).

Geagte Lesers, ons leef in die opwindende geprofeteerde "eindtyd". Eindtydse profesieë wat vir duisende jare in plek was, is besig om soos nog nooit tevore nie te "versnel" en vervul te word. Ons sien uit na die Wederkoms van Jesus Christus, wat binnekort sal terugkeer om die Koninkryk van God op planeet Aarde te vestig. Ons moet dus voorbereid wees. Selfs al sou Christus nie binne die volgende paar jaar terugkeer nie kan ons elkeen individueel nie toelaat dat ons waaksaamheid verslap nie, want enige een van ons kan vanaand sterf. Ons moet in 2016 nader aan God kom en ons moet naby aan Hom bly. Indien ons dit doen, kan ons ingelig en aangemoedig word deur die vervulling van die geprofeteerde gebeure terwyl ons Christus se opdrag gehoorsaam om te "waak" in 2016 en daarna! **WvM**

Die Midde-Ooste in Profesie

Jerusalem is die belangrikste stad in die wêreld. Die Skrif toon aan dat die area rondom dit – die Midde-Ooste – uiteindelik in 'n wêreldoorlog sal ontplof. Weet u wat die Bybel leer omtrent die eindtydse klimaks van wêreldgebeure in daardie area? U mag verras wees!

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Onafhanklikheid verongeluk?

Deur John Meakin

Wat beteken Skotland se "Nee!" vir die Verenigde Koninkryk en Bybelse profesie?

Wat 'n ongelooflike bohaai het die Skotse referendum in September 2014 veroorsaak! Die eenvoudige vraag was: "Behoort Skotland 'n onafhanklike land te wees?" Trouens, die verskillende volke van die VK het nie vir 'n oomblik gedink dat die meerderheid Skotte "JA" sou stem nie ... tot ongeveer tien dae voor die referendum, toe een enkele meningspeiling van sowat 50% aangedui het dat dit dalk net mag gebeur!

Die gevolg was eenvoudig verbysterend en pandemonium het losgebreek! Stemme vanuit elke hoek van die VK en regoor die hele wêreld het opgeklink en verenig en 'n beroep op die Skotte gedoen om nie onafhanklik te word nie. Enige moontlike rede oor waarom so 'n stap teenproduktief en gevaarlik sou wees is geopper. Politici van alle partye het gemobiliseer. Die Eerste Minister, David Cameron, het 'n passievolle pleidooi gelewer dat die "familie van nasies" behoue moes bly. "Miljoene mense", het hy gesê, "sou heeltemal ontroosbaar wees deur die ontbinding van die VK".

Dit is immers geen oordrywing om te sê dat baie mense wat "NEE" gestem het gevoel het dat hulle nou 'n verlore saak het nie. Dit het gelyk of die momentum in die rigting van 'n "JA"-veldtog geswaai het wat toenemende emosionele waan-

sin veroorsaak het by die naderende vooruitsig van onafhanklikheid. Hoe verkeerd was hulle en die meningspeilings egter toe nie!

'n Verrassende oorwinning

Alex Salmond, leier van die Skotse Nasionale Party (SNP), het met selfversekerdheid die oorwinning aangevoel en het aangekondig dat lojale en patriotiese Skotte uiteraard net "JA" sal stem. Elke ongemaklike en moeilike vraag wat aan hom gevra is, het hy eenvoudig afgemaak as te veel onrus-saaiery; vir hom kon die toekoms van 'n onafhanklike Skotland net rooskleurig wees, maak nie saak hoeveel bewyse tot die teendeel opgestapel is nie. Die "NEE"-veldtog, die laaste tyd in die vorm van die voormalige VK premier, Gordon Brown (self ook 'n Skot), het emosioneel volgehou dat om deel van die Unie te bly verstandiger, veiliger en sekerder sou wees en daarom sou dit 'n meer *patriotiese* besluit wees vir hierdie en toekomstige geslagte.

In die privaatheid van stemlokale oor die hele land, het die Skotse kiesers, vry van die lelike en soms gewelddadige tonele van haat en openbare intimidasie, op 'n streep "NEE" gestem. Nadat die finale uitslag bekend geword het, het Skotland met 'n groot meerderheid van 10%, beslissend die idee

van skeiding met die Unie verwerp. Die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje sou, na alles, behoue bly. Vir baie mense het dit gelyk na 'n tipe wonderwerk wat plaasgevind het. Die "JA"-veldtog was natuurlik 'n hartseer storie; Alex Salmond se lewenslange droom om die Unie te ontbind, het nou aan flarde gelê en hy het onmiddellik uit sy posisie as SNP-leier bedank.

Binne die Verenigde Koninkryk het die meerderheid mense 'n gesamentlike sug van verligting geslaak en die kommentaar van leiers regoor die wêreld het hulle genoeg teenoor die Skotte se besluit uitgespreek. Sels Koningin Elizabeth II het haar goedkeuring te kenne gegee toe sy gesê het: "Nou, terwyl ons vorentoe beweeg, behoort ons te onthou dat, ten spyte van die verskillende menings wat uitgespreek is, ons oor die algemeen 'n blywende liefde vir Skotland het, wat een van die dinge is wat help om ons almal te verenig".

Die rede om te verenig

Waarom was daar egter onder so baie Skotte 'n sterk teenkanting teen die Unie? Wat is die oorsprong van hulle nogal verrassende afkeer? Wat lê voor vir die Verenigde Koninkryk? Is die grondwetlike krisis nou verby? Kan almal nou ontspan en terugkeer na waarmee hulle besig was? Watter lesse kan,

veral vanuit 'n Bybelse perspektief, geleer word in die lig van hierdie skouspelagtige “rakelingse uitslag” wat byna 'n einde gemaak het aan een van die suksesvolste samesmeltings van nasies in die hele geskiedenis?

Die antwoorde op al hierdie vrae wentel om een groter vraag: *Waarvoor staan die Unie? Wat is die doel en rede vir die bestaan daarvan?* Die antwoord is verrassend en grotendeels vergete met die verloop van tyd. Dit is egter belangrik en relevant vir die uitdagings waarmee ons vandag gekonfronteer word.

Die Dariën-ramp

Reeds in die laat 1600's, het die Skotte gevoel dat hulle in die koloniale resies agtergebly het en hulle was gretig om in te haal. Vorige pogings om kolonies te stig het misluk, daarom het die Skotse entrepreneur en finansier, William Paterson, wat ook in 1694 'n medestigter van die Bank van Engeland was, gehelp om die *Company of Scotland* te vorm, met die uitdruklike doel om 'n kolonie genaamd Caledonia op die Dariën Landengte (moderne Panama) in Sentraal-Amerika te vestig. Subskripsies van £400,000 is belowe, 'n ontsaglike bedrag vir daardie tyd (£40 miljoen in vandag se geldwaarde) en meer as vier keer die jaarlikse inkomste van die Skotse regering. Die projek was bestem om as 'n vroeë voorbeeld van finansiële waansin te dien.

Dinge het egter baie verkeerd geloop as gevolg van die verkeerde aanwending van bates, swak beplanning en uitvoering, siekte, slegte weer, onvoldoende voorrade, swak kommunikasie en teenkating van die gevestigde en magtiger nasies soos Spanje, Holland en Engeland. In retrospek was die projek ondeurdag, die tydsberekening was swak en gedoem tot mislukking. Mense se moraal het in duie gestort, die kolonie is laat vaar en beleggers het alles verloor. Skotland was so te sê bankrot en blykbaar bestem om nooit 'n groot koloniale moondheid te wees nie.

Hulp het egter uit 'n verrassende oord gekom. Daar was vir 'n paar jaar lank sprake van 'n samesmelting tussen Skotland en Engeland. Die nasies het per slot van rekening baie in gemeen gehad; hulle het dieselfde taal gepraat, trou gesweer aan dieselfde heerser, in wese dieselfde godsdienstige oortuigings gehad, hulle wette het dieselfde doel gehad en hulle het op dieselfde eiland met dieselfde “vloeibare grense” gewoon. Deur te verenig met die veel groter en ryker Engeland, sou dit vir die kleiner en relatief swakker Skotland moontlik wees om nog haar brandende ambisies te verwesenlik.

Wat Engeland nou vir Skotland aangebied het was 'n Protestantse Unie as 'n skans teen 'n Katolieke Frankryk; die nuwe Verenigde Koninkryk sou *Groot-Brittanje* genoem word en in ruil vir die beëindiging van die

Skotse Parlement, sou Skotland deel in die bestuur daarvan deur verteenwoordigers na die Westminster Parlement te stuur in die verafgeleë Londen. Die Kompanjie van Skotland sou beëindig word, die swakker Skotse pond sou laat vaar word vir die Sterling en in ruil sou Skotland toegang tot Engeland se uitgestrekte vrye handelsgebied, wat sy kolonies en plantasies insluit verkry. Belasting sou gelykvormig wees en aksynsbelasting op sekere Skotse handelsartikels sou wegval.

Verreweg die grootste Engelse aansporing vir die Uniewording is voorsien deur “die Ekwivalent”. Al die geld wat beleggers in die Dariën-skema verloor het, sou terugbetaal word, tesame met 5% jaarlikse rente. Dit sou die 3,000 aandeelhouders van die *Company of Scotland* bevoordeel, plus 1,500 ander aandeelhouders op militêre en burgerlike lyste. Die enkelbedrag was 'n bietjie minder as £400,000. Almal het met al hierdie reëlings saamgestem. Die Unie het dus op dié manier as 'n korttermyn finansiële transaksie tussen twee politieke elitegroepe begin. Kontant in die hand kom voor soewereiniteit en nasionalisme. Dit was eiewyse eerder as idealistiese politiek.

Dit is van deurslaggewende belang dat die geskiedenis toon dat die grootste deel van Skotland nie ten gunste van vereniging was volgens hierdie terme nie. Geen wonder nie dat toe al hierdie kontant wat bestem was vir die Skotse

hoëlui, in Edinburgh aangekom het, 'n skare saamgedrom het om hulle te beledig en die konvooi met klippe te bestook. Dit was dalk simbolies van die tweeledige wyse waarop die Skotte die Unie sedertdien beskou het, "weersin as gevolg van die opoffering van hulle nasionale soewereiniteit, maar terselfdertyd bereid om die kontant en geleenthede wat dit bied aan te neem" (*The Price of Scotland*, Douglas Watt, 2007).

Die groot blywende les is dat die verlange na nasionale selfbeskikking altyd 'n gedugte oortuigingskrag sal wees en iets is wat met groot sorg hanteer word.

Groot-Brittanje wydsbeen oor die wêreld

Die Verdrag van die Unie het toe op 1 Mei 1707 wet geword. Op hierdie manier begin een van die vrugbaarste unies in die geskiedenis. Verbind aan 'n magtige en al hoe meer dominante Engeland, kon Skotland nou uiting gee aan sy rustelose, ondernemende gees om 'n ryk te bou. Namate die Britse Ryk ontwikkel het, het dit 'n duidelike Skotse geur aangeneem met die Skotse gawes van uitvinding, leierskap, bestuur, ondernemingsgees en finansies waarvan oral bewyse was. Al hierdie dinge het groot rykdom en voorspoed in die VK geskep.

Die idee en die sukses van *om Brits te wees* het aanleiding gegee tot die *Scottish Enlightenment*, die industriële revolusie en een van die grootste weldadige ryke wat die wêreld

nog ooit gesien het, nou 'n vooruitstrewende Gemenebes van Nasies wat die Britse waardes van demokrasie, selfbeskikking en vryheid weerspieël. Bowenal behoort ons nie *die belangrike geestelike dimensie* te vergeet wat eie is daaraan om Brits te wees nie. Christelike ideale, waardes en beginsels is ook op groot skaal regoor die hele wêreld versprei.

Groot-Brittanje het gehelp om die magsbalans regoor Europa te handhaaf, deur die ambisies van die Spaanse, Franse, Duitse en Sowjet-planne vir uitbreiding terug te hou. Terug op eie bodem het dit die weg vir maatskaplike welsyn, groter maatskaplike gelykheid en 'n nasionale gesondheidsdiens gebaan. Tot 'n groot mate was dit *Groot-Brittanje* wat die moderne wêreld tot stand gebring het.

Na twee wêreldoorloë en die ineenstorting van die Britse Ryk, het die idee van om Brits te wees onherkenbaar verander. Die middelpunt van die ekonomiese en militêre mag het gemigreer na die Verenigde State. Immigrasie en veelvolgigheid het die aansig van Brittanje dramaties verander. Die opkoms van die Europese Unie (EU) het die manier waarop Brittanje regeer word fundamenteel verander en het baie van sy eie magte van selfbeskikking weggeneem; soveel sô dat, net soos 'n groot deel van Skotland van die Verenigde Koninkryk wil afskei, so wil 'n groot deel van Engeland ook van die EU afskei.

Moontlik is die heel beteke-

nisvolste dat Groot-Brittanje geleidelik weg beweeg het van God en die Bybelse waardes waarvoor Brittanje eens gestaan en oorgelewer het regoor die wêreld. Op baie maniere het Brittanje die pad byster geraak en toenemend die nasionale doel wat hy in die wêreld gehad het, uit die oog verloor. Dit het noodsaaklik geword om daardie doel weer te ontdek.

Redding van die Verenigde Koninkryk

Die verwerping van die idee van die Skotse skeiding is nie ter wille van besigheid soos gewoonlik nie. Die huidige taak is hoe om die Unie bymekaar en tevrede te hou, te midde van tye wat so drasties verander en die saamgestelde nasies wat op al hoe meer gelyke behandeling aandring.

Die verstommende vlakke van energie en politieke betrokkenheid wat aan albei kante tydens die referendumveldtog ontketen is het slegs gedien om die Skotte se sterk behoefte aan grondwetlike verandering en groter nasionale selfbeskikking te bevestig. Indien daar egter 'n verandering in Skotland kom, moet dit ook in die naam van regverdigheid, in ander lande in die Unie kom. Daar is 'n wydverspreide gevoel dat die huidige Westminster-politieke stelsel nie doeltreffend tot voordeel van almal werk nie. Verdellings en frustrasies wat binne die Unie waarneembaar is, het genesing nodig en Westminster het nou 'n unieke geleentheid om 'n heeltemal

verskillende Unie te skep, wat geskik sal wees vir die behoeftes van al sy streke. Grondwetlike hervorming is nou 'n belangrike onderwerp van bespreking. Die algemene verkiesing wat in Mei 2015 was, beklemtoon net die dringendheid om die vernaamste verreikende veranderings te maak.

God se perspektief op die Verenigde Koninkryk

Soos jarelange lesers van hierdie tydskrif weet, verstaan ons uit die Skrif dat die grootste deel van vandag se Britse volke, die moderne afstammeling van antieke Efraim is, aan wie God belooft het dat hy 'n groot menigte van nasies sou word (Genesis 48:14-19). Die vier nasies van die Unie en die ander nasies van Britse afkoms (bv. Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika) vervul hierdie profesie soos geen ander nie.

Inherent tot God se seën aan Efraim (en die res van antieke Israel) was die opdrag om God se lewenswyse te verteenwoordig waar hulle ook al gegaan het (sien Exodus 19:5-6). Hierin lê die *grootste*

denkbare oorsprong van nasionale doel; om 'n voorbeeld te stel van 'n volk wat aan 'n lewe volgens God se standaard en wette toegewy is. "Onderhou dit dan en doen dit; want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk. Want watter groot nasie het gode wat vir hulle so naby is soos die HERE onse God so dikwels as ons Hom aanroep? En watter groot nasie is daar wat sulke regverdige insettinge en verordeninge het soos hierdie hele wet wat ek julle vandag voorhou?" (Deuteronomium 4:6-8).

Baie van Brittanje se wetsversameling, opgebou oor eeue heen, is gebaseer op die Wette van God wat in die Bybel gevind word. Die nasie beweeg toenemend weg van hierdie stewige fondament. Die meeste van hulle het God se waarskuwing vergeet wat direk volg na die belangrike verklaring van die doelstelling: "Neem jou net in ag en wees terdeë op jou hoede, dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie, en dat hulle uit jou hart nie wyk al die

dae van jou lewe nie; en jy moet dit aan jou kinders en jou kindskinders bekend maak" (vers 9).

Die gevolge van minagting van God se Wette is duidelik: God onttrek die seëninge wat gekoppel is aan onderhouding van die Wette. Uiteindelik behoort ons nooit te vergeet dat dit God is wat nasies en bondgenootskappe opbou of tot niet maak, volgens Sy soewereine wil nie (Job 12:23; Exodus 19:5).

Dit is duidelik God se wil dat Groot-Brittanje hierdie keer ongeskonde sou oorleef. Dit was egter 'n uitdagende en 'n nael-skraapse uitslag, 'n dramatiese wekroep. Baie ernstige uitdagings bestaan vir diegene wat hoop om meer samehorigheid en eenheid onder die nasies van die Verenigde Koninkryk te skep. Uit Bybelprofesie weet ons dat voor Jesus Christus se Wederkoms, die Verenigde Koninkryk nog meer agteruitgang as in sy voormalige glorie sal verduur. Sy burgers kan egter individueel, net soos ons almal, ag slaan op God se waarskuwing en nader aan Hom beweeg. Sal u? **W&M**

Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?

Hierdie boekie bou voort op mnr. Armstrong se navorsing en dié van ander skrywers, om die leser nie slegs op die geskiedenis van die verlede te wys nie, maar na die geskiedenis wat vooruit geskryf is!

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie!

Môre se Jeug

“Dit is wel met my siel”

Deur Sheldon Monson

Dit is maklik vir ons, jonk of oud, om oorweldig te word deur ons probleme. Nietemin is ons gesindheid 'n keuse wat ons maak, al is ons omstandighede ook hoe moeilik.

Kyk na die geval van Horatio Spafford. Hy was 'n prokureur in sy vroeë 40's en het in 'n noordelike voorstad van Chicago saam met sy vrou Anna en sy vyf kinders gewoon. In 1870 het hulle enigste seun aan skarlakenkoors gesterf. 'n Paar maande later het hy sy hele lewese spaargeld in die Groot Chicago Vuur van 1871 verloor. Die suksesvolle prokureur het baie in eiendom in die Chicago area belê en alles is deur hierdie ramp verwoes.

Twee jaar later, in 1873, het die Spaffords besluit om vir 'n broodnodige vakansie op die SS *Ville du Havre* na Europa te gaan. Hy is op die laaste minuut deur besigheid vertraag en het sy vrou en dogters vooruit gestuur en belowe om binne 'n paar dae te volg. Op 22 November 1873 is die skip deur 'n yster seilskip, die *Loch Earn*, getref. Die boot het binne net twaalf minute in die Atlantiese Oseaan gesink en 226 mense aan boord het gesterf.

Nadat die oorlewende skipbreukelinge in Europa aangekom het, het Anna Spafford 'n kabelgram aan haar man gestuur: “Alleen gered. Wat moet ek doen?” Al vier dogters het in

hierdie tragiese ongeluk omgekome. Horatio het onmiddellik uit Chicago vertrek om by sy bedroefde vrou aan te sluit en haar huietoe te vergesel. Te midde van sy hartseer, terwyl die boot waarop hulle was naby die plek van sy dogters se dood verby gevaar het, is hy geïnspireer om die woorde van die loflied “*Dit is wel met my siel*” te skryf, 'n invloedryke lied wat dwarsdeur al die jare, tot vandag toe, steeds gewild bly. Ten spyte van hierdie reeks tragiese gebeure, het die Spaffords later nog drie kinders gehad. In 1881 het die gesin per boot na Jerusalem vertrek, saam met baba Bertha en hulle pasgebore baba Grace. Daar het hulle 'n groep gestig met die naam *The American Colony*, wie se missie dit was om armes by te staan. Die lirieke in Spafford se lofsang openbaar sy gesindheid en benadering tot die hantering van hierdie swaar beproewings en sy vasberadenheid om sterk te bly onder alle omstandighede. Dit is 'n inspirasie vir ons almal! Vryelik vertaal lui sy loflied so:

As vrede, soos 'n rivier, my pad verlig,

Wanneer smarte my soos seegolwe verniel,

Watter lot my ook tref, U't my geleer om te sê,

“Dit is wel, dit is wel, met my siel”.

Waarom lyding?

Die Spaffords is nie die

enigste mense wat groot verliese gely het nie. Baie mense moes al moeilike en dikwels onverklaarbare rampe verduur, selfs op 'n baie jong ouderdom. Waarom laat God menslike lyding en tragedie toe? Waarom laat Hy toe dat ongelukke lewens neem? Waarom laat Hy toe dat oorlog, moord en ander verskriklike dinge plaasvind?

God wil nie hê dat die mensdom ly nie. Hy is barmhartig, vol genade, lankmoedig en goedhartig. Hy het elke mens wat Hy geskep het lief! Binnekort sal die Vader sy Seun na die planeet Aarde terugstuur om vrede te bring en 'n einde te maak aan baie van die lyding en pyn wat ons vandag verduur.

Waarom is daar dan vandag soveel lyding in die wêreld? Op hierdie oomblik is die hele wêreld van God afgesny. Sedert die aanbreek van die menslike geskiedenis, ongeveer 6,000 jaar gelede, wat begin het met Adam en Eva in die tuin van Eden, het die mensdom gekies om God en Sy weë te verwerp. Adam en Eva se keuse het die patroon vir die hele mensdom vasgelê en die verhaal van die menslike geskiedenis toon elke fout wat herhaaldelik hartseer tot gevolg gehad het. Die mensdom het gekies om na die raad van die slang te luister, eerder as na God.

Hou in gedagte dat Satan

die god van hierdie huidige bosedheid tydperk is (Galasiërs 1:4; Efesiërs 2:1-3). Omdat sonde op hierdie aarde seëvier, is lyding die gevolg en die dood is die einde van elke mens (Romeine 6:23). Die wêreld in geheel, volg nie die riglyne van die Bybel nie. God het die mens die vryheid van keuse gegee. Daarom hou God oor die algemeen Sy hande van die mensdom af en bly Hy uit die lewens van diegene wat Hom en Sy boodskap verwerp. Dit is waarom daar so baie lyding is.

Selfs God se diensknekte kry swaar

Die geskiedenis toon dat God selfs diegene wat Hom dien, toelaat om swaar te kry. In die eerste paar hoofstukke van die Bybel lees ons van die moord op die regverdige Abel deur sy opstandige broer, Kain. Van God se getroue volgelinge lees ons ook: "... ander is gefolter en wou geen bevryding aanneem nie, om 'n beter opstanding te kan verkry. Ander weer het die proef van bespottings en géselinge deurstaan, ook van boei en gevangenis. Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor. Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel – die wêreld was hulle nie werd nie – hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond. En alhoewel hulle almal deur die geloof getuigenis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie" (Hebreërs 11:35-39).

Jesus Christus het ook gely

terwyl Hy hierdie aarde bewandel het. Hy is valslik beskuldig, beswadder, op gespuug, in die gesig geklap, wreed aangerand en uiteindelik gekruisig!

God sê aan ons: "Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed *van vervolging* onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie; maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, moet julle bly wees, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlijkheid met blydschap kan jubel" (1 Petrus 4:12-13). Hy voeg egter hierby: "Want niemand van julle moet ly as moordenaar of dief of kwaaddoener of as een wat hom met die sake van 'n ander bemoei nie. Maar *wanneer iemand* as 'n Christen ly, moet hy hom nie skaam nie, maar God verheerlik in hierdie opsig" (verse 15-16).

Waarom laat God die regverdige ly? Omdat diegene wat getoets word daardeur toegelaat word om 'n heilige, regverdige karakter te bou en dit gee 'n absolute en onweerlegbare bewys van waar hulle getrouheid lê.

Al sou Satan my aanval, al sou beproewing kom,

Laat hierdie geseënde sekerheid dien as my assiel,

Dat Christus my hulpelose toestand betrag het,

En Sy eie bloed gestort het vir my siel.

God se plan sluit 'n geleentheid vir redding in vir elke mens wat nog ooit geleef het, of nog sal lewe. Almal wat reeds 'n geliefde aan die dood afgegee het, kan God se belofte ter harte neem: "Maar, broeders, ek wil

nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring" (1 Thessalonisense 4:13-14). God is regverdig! Hy is goed, barmhartig en vol medelye. Ons sal ons geliefdes tydens die opstanding sien.

God weet wat Hy doen

Selfs al het ons dalk nie nou al die antwoorde op die vraag waarom God sommige van die ontydige sterftes toelaat nie, onthou dat Hy weet wat Hy doen en uiteindelik sal "ons weet dat vir hulle vir wie God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is" (Romeine 8:28).

Dit verg 'n sterk karakter om God se wil nederig te aanvaar en dit te vermy om die blaam vir 'n tragedie wat plaasvind op Hom te plaas, om Sy soewereine beheer oor alle omstandighede te erken en om Hom te aanbid, selfs in tye van groot teëspoed. Ons as Christene weet nogtans dat daar 'n einde aan swaarkry sal kom. Soos Spafford skryf:

*En, Heer, verhaas die dag
wanneer geloof sig sal wees,*

*Die wolke sal wegwol soos 'n
vel;*

*Die basuin sal weerklink, en
die Here daal neer;*

*Nietemin, met my siel gaan
dit wel.*

Christus se Wederkoms **is** net om die draai. God bespoedig daardie dag! **WVW**

Londen Roep

Parlement en die "Reg om te sterf"?

Deur Adam J. West

'n Voortdurende debat broei in die Parlementsgebou van Groot-Brittanje in die Verenigde Koninkryk. Dit handel oor die "reg om te sterf" en dateer so ver terug as 2006. Op 28 Julie 2014 het die *House of Lords* die tweede voorlesing van die wetsontwerp, wat deur Lord Falconer van Thoroton voorgelê is bespreek – dit het sowat tien ure lank geduur. Die wetsontwerp is na 'n komitee verwys vir verdere hersiening. Dit was net die begin van 'n lang proses wat in die nabye toekoms kan uitloop op Koninklike Goedkeuring. Om bystand te verleen tydens selfmoord is besig om aanklank te vind in verskillende dele van die wêreld, maar wat presies sal die gevolge wees indien hierdie wetsontwerp die "Koninklike stempel van goedkeuring" ontvang?

Die kern van die "reg om te sterf"-wetsontwerp gee goedkeuring aan individue wat verstandelik bevoeg maar terminaal siek is, of wat chroniese, ondraaglike fisiese pyn het, om te kies dat 'n dokter of familielid hulle help om te sterf volgens die "*Dignity with Dying*"-beweging, wat aktief die konsep van om bystand te verleen om te sterf bevorder. 'n Opposisiegroep, "*Care not Killing*" werf steun teen die goedkeuring van die "*Right to Die*"-wetsontwerp en is ten gunste van beter

metodes van sorg in die verligting van lyding, soos die naam aandui.

Agter geslote deure

Bystand om te sterf is nie in die VK wettig nie, maar daar is gevalle waar dit wel gebeur het, bekend. Sabine Michalowski, Regsprofessor aan die Universiteit van Essex, is in 'n mate ten gunste van die wettiging om "bystand om te sterf" toe te laat. In 'n Al Jazeera-onderhoud verduidelik sy hoe pogings om selfmoord te pleeg agter geslote deure plaasvind. Sy verduidelik hoe dit deur sommige mense gesien word as 'n lewensvatbare rede om "medelydende hulp om te sterf" toe te laat (*Aljazeera.com*, "*Who decides when it is time to die?*" 31 Januarie 2014). Om iets in 'n hof te wettig, verander egter nie noodwendig inherente morele en etiese feite nie.

Kategorieë van sterf

Die Al Jazeera-uitsending gaan voort deur te sê dat "bystand om te sterf", waar terminaal siek pasiënte die reg het om lewe-eindigende medikasie self toe te dien, reeds in vier VS-state toegelaat word. "Geassisteerde selfmoord" is wanneer 'n individu nie besig is om te sterf nie, maar aan chroniese pyn ly of gestremd is en word in Switserland toe-

gelaat. "Vrywillige genadedood", is waar 'n dokter toegelaat word om 'n lewe te beëindig deur medikasie toe te dien en word in België en Nederland toegelaat. Laastens is "genadedood" wanneer 'n derde party lewe-eindigende medikasie toedien, somtyds sonder die toestemming van die individu.

Volgens *Dignitas*, die Switserse maatskappy se webwerf, neem die maatskappy aktief deel aan die beëindiging van die lewe van diegene met "'n siekte wat onvermydelik tot die dood sal lei, onuithoudbare pyn het of 'n onuithoudbare gestremdeheid het". Hulle voer die opdragte van terminaal siek persone wat vergesel word deur 'n familielid of vriend uit, deur hulle lewens te beëindig. Vir diegene wat die *Dignitas*-organisasie gebruik om ondersteunende selfmoord uit te voer, is daar 'n risiko. Tans bepaal die wette in die VK dat om ander mense te help om selfmoord te pleeg, nie toelaatbaar is nie. In werklikheid kan 'n persoon vervolg en aangekla word as medepligtige aan manslag – **moord** – maar tot op datum is nog niemand vervolg vir hierdie ernstige misdaad nie.

Verandering is in die lug

In Quebec, Kanada, verklaar dr. Catherine Ferrier, 'n geriatrisiese spesialis en ook die

president van die *Physicians Alliance Against Euthanasia* en wat 'n jarelange teenstaander van bystand om te sterf is, in ouderdom-verwante siektes, onomwonde dat sy glo politici probeer om die “doodmaak van pasiënte” gewettig te kry deur “dit gesondheidsorg te noem” (*ibid.*). Op 5 Junie 2014, is Wetsontwerp 52 goedgekeur, wat nou voorsiening maak vir 'n pasiënt in Quebec om te kies om te sterf (*CBC.ca*, “*Quebec passes landmark end-of-life care bill*”, 5 Junie 2014).

Hoe lank voor die Britse Parlement hierdie glybaan volg en die deur oopmaak vir dramatiese en verreikende vermindering van die waarde van die menslike lewe? Indien dood beskou word as 'n “menslike reg”, waar sal die lyn dan getrek word om te bepaal wanneer dit moord is en wanneer nie? Sedert Januarie 2014 was daar wette in België wat dit alreeds gewettig het vir terminaal siek kinders, sowel as daardie kinders wat chronies ondraaglike fisiese pyn verduur, om te besluit om hulle eie lewens te beëindig. 'n *BBC News*-berig het bekend gemaak hoe dr. Gerlant van Berlaer, 'n pediater aan die UZ Hospitaal in Brussel, jeug-genadedood beskou: “Ons speel nie God nie, dit is lewens wat in elk geval sou eindig” (*BBC.co.uk*, “*Belgium divided on euthanasia for children*”, 8 Januarie 2014).

Aborsie is 'n tragiese en hartseer gevolg van 'n mensdom wat dink dat hulle self kan bepaal wat reg en wat verkeerd is. Nie so lank gelede nie was aborsie vir die meeste mense in die Westerse samelewing ondenkbaar. Net soos die gesindheid teenoor aborsie dramaties verander het, sal die tyd kom wanneer diegene wat chroniese pyn verduur of terminaal siek is, hetsy jonk of oud, ook soos nuttelose weefsel behandel sal word? Dit lyk of die mensdom se plan is om sake rakende lewe en dood in eie sedelik swak-toegeruste hande te neem.

Noodsaaklike sedelike leiding

Wat sê die Bybel oor die kwessie van lewe en dood? Is lewe of dood 'n *menslike reg* wat ons besit? Waar kan ons die antwoorde kry?

Prediker 8:6-8 sê aan ons: “Want vir elke ding is daar 'n *tyd* en 'n *beslissing*; want die boosheid van die mens druk swaar op hom. Want hy weet nie wat sal wees nie; want hoe dit sal wees – wie kan hom dit te kenne gee? ***Daar is geen mens wat heerskappy het oor die wind om die wind teë te hou nie, en niemand het mag oor die dag van die dood nie***”.

Die apostel Paulus het die ware God aan die Atheners verduidelik en gesê: “Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, ***omdat Hy self aan almal***

lewe en asem en alles gee” (Handelinge 17:25). God het ons geskape en aan ons lewe gegee. God is die een wat in beheer is van wanneer ons sterf. Ons mag nie wederregtelik God se mag aan onself toe-eien om lewe te skep of om die dood toe te laat nie.

Hierdie lewensfeit bly: “En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel” (Hebreeërs 9:27). God het die opdrag gegee: “Jy mag nie doodslaan nie” (Exodus 20:13) om die heiligheid en waarde van die menslike lewe te beskerm. Hierdie opdrag sluit “selfmoord” in. Diegene wat ander mense help om selfmoord te pleeg, word medepligtig aan moord in die oë van die Almagtige God!

'n Ongelooflike toekoms wag!

Elke menslike wese is kosbaar in God se oë en Hy het 'n ongelooflike plan wat wag, maar ons moet kies om te lewe. “Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag” (Deuteronomium 30:19). Bestel asseblief ons inspirerende boekie, *U uiteindelijke Lotsbestemming*. Elke mens het die reg om die lewe ten volle te soek, al mag dit moed verg om dit te doen. **WvM**

U uiteindelijke Lotsbestemming

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie te bekom!

Vrae & Antwoorde

Onderhouding van die Sabbatgebod

VRAAG: *Ek het so pas ontdek dat die weeklikse Sabbat Vrydag teen sononder begin en Saterdag teen sononder eindig, soos die Bybel sê. Wat moet ek doen om “dit heilig te hou” soos ons beveel word in Exodus 20:8?*

ANTWOORD: Sommige mense dink verkeerdlik aan die Sabbat as 'n tyd wanneer God ons onderdruk deur ons te verbied om te doen wat ons graag wil doen. Dit is eintlik 'n tyd wat Hy vir die mensdom geskep het om ons verligting te gee van die week se spanning en ons aandag te fokus op die Een wat daardie dag gemaak en dit afgesonder het vir Sy heilige doel. “Die Sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat” (Markus 2:27-28).

Waarom onderhou ons die Sabbat? Dit is een van die Tien Gebooe wat God gegee het en wat Christus self onderhou het en aan Sy volgelinge geleer het om ook te onderhou (Mattheus 19:17). Ons lees: “Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; *dan* mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig” (Exodus 20:8-11).


Elke Sabbat los ons al ons werk en ons distansieer ons van oppervlakkige aktiwiteite soos om na sport te kyk, of ons te vermaak met televisie of die Internet, wat ons aandag aftrek van God en Sy plan vir ons. Dit gee ons tyd om Bybel te lees, te bid en na te dink oor die dinge van God. Op die Sabbat behoort ons te fokus om van God te leer en om Hom te aanbid. Diegene wat binne 'n redelike reisafstand van 'n groep ware Christen gelowiges woon, behoort saam te kom vir aanbidding en om geestelik saam te verkeer. “... en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en **laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim** soos sommige die gewoonte het nie,

maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag [van Christus se Wederkoms] sien naderkom” (Hebreërs 10:24-25).

Christus verduidelik dat ons op die Sabbat goeie dade behoort te doen (Mattheus 12:12). 'n Persoon wat iemand in nood op die Sabbat help, skend dit nie; Christus het die siekes op die Sabbat genees, waarvoor die Fariseërs saamgesweer het om Hom om die lewe te bring (verse 13-14). Christene behoort egter hulle gewetes te ondersoek om seker te maak dat hulle nie Christus se opdrag misbruik nie. Dit is geoorloof vir 'n Christen om 'n lewe op die Sabbat te red, maar dit is nie toepaslik om geld op die Sabbat te verdien deur mens se gewone besigheid te bedryf met die verskoning van om mense te “help” nie.

Wanneer ons God se ware sewende-dag Sabbat na behore onderhou, seën Hy ons ryklik. “As jy jou voet terughou van die sabbat – om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem *en* die heilige *dag* van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek, of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob” (Jesaja 58:13-14).

God se Sabbatte is 'n tyd van vreugde en van fisiese en geestelike verfrissing. “Hieraan wil ek dink en my siel uitstort in my: hoe ek gewoon was om voort te trek met die skare, hulle gelei het na die huis van God, met die stem van jubel en lof – 'n feesvierende menigte” (Psalm 42:5).

Om meer te leer van die betekenis en onderhouding van die sewende-dag Sabbat, vra asseblief u gratis kopie van ons boekies, *Watter Dag is die Christelike Sabbat?* en *Die Heilige Dae – God se meesterplan* aan. Skryf aan u naaste streekskantoor (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) of gaan aanlyn by www.wvm.co.za. 

Profesie neem

Die ondergang van die Weste

Wat lê in die nabye toekoms voor vir die eens welvarende Westerse lande wat die wêreld vir die afgelope vyf eeue oorheers het? Waarom is die invloed van die Verenigde State oor die wêreld besig om af te neem? Waarom is dit vir die eens magtige Brittanje nodig om te worstel om verenig te bly? Wat het geword van die roem van Frankryk? Waarom het immigrasie die beeld van Kanada verander? Waarom word die nasies van Australië en Nieu-Seeland uitgedaag deur opkomende Asiatiese magte? Waarom word Westerse nasies wat eens voorbeelde van vryheid, voorspoed en sedelikheid was deur groeiende interne twis en dalende aansien op die wêreldtoneel geteister? Min mense besef nou dat die Westerse ondergang lank gelede reeds in Bybelse profesieë voorspel is en vandag besig is om *gestalte aan te neem!*

Profetiese beloftes en waarskuwings

Die meeste mense van vandag, met inbegrip van Bybelse en akademiese geleerdes, begryp nie dat die moderne Westerse nasies wat hierbo genoem word, inderdaad in die Bybelse profesieë genoem word nie. Daarom weet baie min mense *waarom* hierdie nasies in

die moeilikheid is en wat hulle toekoms inhou. In die Skrif is opgeteken dat God 'n reeks beloftes aan Abraham, Isak en Jakob gemaak het – dat hulle nageslag sou vermeerder en regoor die wêreld sou versprei om 'n seën vir ander volke te wees.

Omdat Abraham gehoorsaam was, is aan die afstammelinge van die twaalf stamme van Israel belowe dat hulle op die beste plekke van die aarde sou woon en uiteindelik die poorte van hulle vyande in besit sou neem. Die nageslag van Josef se seuns, Manasse en Efraim, sou volgens profesie uiteindelik elkeen 'n groot nasie en 'n groot menigte van nasies word. Uit die geskiedenis leer ons dat spesifieke nasies van die Westerse wêreld werklik hierdie antieke beloftes vervul het.

Die Bybel maak ook die rede bekend *waarom* God aan Abraham en sy nageslag hierdie beloftes gegee het. Tydens die Israeliete se vlug uit Egipte, het God 'n verbond met hulle gesluit en aan hulle Sy Wette gegee sodat hulle 'n model-nasie en 'n lig vir die wêreld kon word (Deuteronomium 4). God het hulle nogtans teen ongehoorsaamheid gewaarsku: “Maar as julle nie na My luister [nie] ... en as julle my insettinge verwerp ... En Ek sal julle trotse mag ver-

breek” (Levitikus 26:14-19). God het voorspel dat ongehoorsaamheid uitterende siektes, droogte en [vyandige] invalle oor hulle sou bring; “... julle haters sal oor julle heers” (vers 17).

Moses het die Israeliete later gewaarsku dat indien hulle hulle van God sou distansieer, hulle in die skuld sou wees by buitelandse nasies, dat vreemdelinge onder hulle sou opstaan en na vore kom en dat die Israeliete “die stert” sou word en uiteindelik in ballingskap weggevoer sou word (Deuteronomium 28:15-46). Terwyl Moses in die verre toekoms ingekyk het, het hy aan die kinders van Israel gesê dat “onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom”, omdat “julle ná my dood gewis verderflik sal handel, en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het” (Deuteronomium 31:29). Talle profesieë waarsku dat die ondergang van die Israelitiese nasies “skielik” sal kom (Deuteronomium 7:4; Jesaja 30:12-14).

Die meeste Bybelkenners erken dat baie Ou Testamenteiese profesieë *tweeledig* is, met 'n aanvanklike vervulling in die antieke wêreld en die uiteindelijke vervulling teen die einde van die tyd. In die geskiedenis sien ons dat antieke Israel en Juda hulle van God gedistansieer het en slawe van Assirië en Babilonië geword het. Huidiglik

gestalte aan

distansieer die moderne afstammelinge van die Israeliete hulle ook van God en is op pad na 'n soortgelyke lot!

Moderne werklikhede

Die geskiedenis vermeld dat die godsdienstige leiers van Brittanje, Holland en ander noordwestelike Europese nasies 'n groot rol gespeel het in die verspreiding van kennis van die Bybel na verafgeleë dele van die wêreld. Ons sien ook dat Amerika op die Bybelse beginsels en Judeo-Christelike oortuigings en morele waardes gegrond is.

Gedurende die laaste 50 jaar het hierdie Bybelse waardes onder aanhoudende aanvalle gekom in ons toenemend wêreldlike kultuur. Vandag word die teorie van evolusie (skepping sonder 'n Skepper) as 'n feit verkondig. Gebed, die Bybel en die Tien Gebooie is uit skole verban, terwyl onderwysers en liberale teoloë die idee dat seks buite die huwelik nie sonde is nie en dat homoseksualiteit en dieselfde-geslag huwelike aanvaarbaar en normaal is, bevorder. Wêreldse geskiedkundiges beweer ook dat die "seëninge" wat die Israelitiese nasies van die Weste geniet het, nie van God gekom het nie, maar bloot 'n kwessie van "geluk" deur op die regte tyd op die regte plek te wees. Vir baie mense in die moderne Westerse

samelewings is God eenvoudig nie in die prentjie nie en Sy Wette is nie meer toepaslik nie.

Verbind die kolletjies?

Vandag probeer baie min mense "die kolletjies verbind" tussen die wegbeweeg van God af en die dalende invloed en groeiende probleme van ons moderne Westerse nasies. Sommige mense laat nogtans waarskuwings opklink wat antieke Bybelse profesieë laat weerklink! Meer as 25 jaar gelede het die bekende teoloog, Carl Henry, die verband tussen die verwerping van Judeo-Christelike morele waardes en die stygende koers van egskeiding, tienerswangerskappe, saamwoon-pare, die gebruik van dwelms en selfmoord raakgesien. Hy het opgemerk dat die "Amerikaanse samelewing, soos nog nooit vantevore nie, binnegedring word deur uitheemse godsdienstige invloede wat die Weste eens op 'n tyd sonder om te aarsel heidens sou genoem het", wat ons voortslinger na 'n "kulturele Armageddon" (*Twilight of a Great Civilization*, bl. 174-175). Vandag is hierdie selfde neigings selfs nog meer sigbaar, nie net in Amerika nie, maar regoor die Westerse, sogenaamde "Christelike" wêreld.

Byna 'n dekade later dokumenteer regter Robert Bork

die gevaarlike rigting waarin hierdie selfde maatskaplike tendense neig in sy boek, *Slouching Towards Gomorra: Modern Liberalism and American Decline*. Die Amerikaanse wetgewende liggaam het regter Bork se nominasie tot die VS Hooggeregshof verwerp, omdat die konserwatiewe waardes wat hy voorgestaan het, uit pas is met die liberale, anti-Christelike neigings wat besig is om in Amerika te ontwikkel.

Eweneens wys die navorser Jim Nelson Black in sy boek, *When Nations Die*, op die parallele tussen die neigings in Amerika en die sigbare simptome van agteruitgang tydens die ondergang van Antieke Rome, Carthago en ander historiese ryke: Die toename van wetteloosheid, verlies aan ekonomiese dissipline, verswakking van kulturele fundamente, toenemende materialisme, verval van die godsdienstige geloof, toename in immoraliteit en die devaluering van 'n menslike lewe, wat alles vandag in die Westerse wêreld plaasvind.

Ongeveer in dieselfde tyd skryf Harvard se professor, Samuel Huntington, in sy boek *The Clash of Civilizations*, dat die tyd van Westerse oorheersing tot 'n "einde" kom en "die verdwyning van die Weste" weerspieël "n beskawing wat agteruitgaan" (bl. 81-91). Meer

onlangs het die skrywer en presidensiële adviseur, Patrick Buchanan, opgemerk: "Die Amerika waarin ons grootgeword het, is verlore. Die eenheid en gemeenskaplike doel wat ons gehad het toe ons saam trou kon sweer aan 'n vlag wat gestaan het vir 'een nasie onder God, onverdeeld' is verlore ... Amerika het verbrokkel ... Wat ons eens verenig het, is besig om te verval. Dit is die waarheid omtrent die Westerse beskawing" (*Suicide*

of a Superpower: Will America Survive to 2025?, bl. 6-7).

Die ekonomiese geskiedkundige en Harvard-professor, Niall Ferguson, het in 2010 gewaarsku teen die "skielike ineenstorting" van Amerika se "ryk", wat te wyte is aan die land se stygende skuld en dat dit "binne die volgende vyf jaar" kon gebeur (*AspenDailyNews.com*, "Historian warns of sudden collaps of American "empire"" 6 Julie 2010).

Bybelprofesieë het lank

gelede reeds die ondergang van die Israelitiese nasies van die Westerse wêreld aan die einde van hierdie tydperk voorspel, omdat hulle hulle sou distansieer van God en die lesse wat hulle uit die geskiedenis kon leer, vergeet. Daardie antieke profesieë is nou *besig om gestalte aan te neem* in die gebeure wat ons vandag aanskou!

—Douglas S. Winnail

Vervulde Profesie: God se Hand in Wêreldsake

Vandag staar die mensdom verbysterende krisisse van oorlog, siektes, besoedeling, droogte en hongersnood in die gesig. Waarheen sal dit alles lei?

Bybelprofesie onthul dat God deur huidige gebeure werk om 'n toekomstige tyd tot stand te bring wanneer die hele wêreld vrede sal ervaar.

Indien u verstaan wat God nou doen en wat Hy vir Sy skepping beplan het, kan u hoop hê, selfs in tye van teëspoed!

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

Vervolg vanaf bladsy 10 – Laat daar lig wees

en weersin weg te jaag nie en hoe groter die wrok is, hoe groter is die verligting.

Uiteindelik bied die Evangelie die ware kennis van die pad na bekering en redding. Wanneer God iemand in Sy gesin inroep, maak Hy die weg bekend deur die gawe van die Heilige Gees (1 Korinthiërs 12:3;

Efesiërs 3:4-6). Hierdie openbaring kom direk van God af en kan nie verstaan word sonder Sy hulp nie. Wanneer God egter eers hierdie lig in u oë skyn en u op Hom vertrou (Jesaja 50:10), word die deur vir u oopgemaak om nooit weer in die duisternis te wandel nie.

Daardie lig is kosbaarder as

enige ander, maar dit kom net met 'n roeping en teen 'n prys en moet nooit ligtelik opgeneem word nie. Word dit vir u aangebied? Indien God se roeping begin om u lewe te verlig, moet u dit nie uitstel nie, reageer daarop terwyl u kan! **WVW**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

volgende dag, hersien u dan hierdie verse wat u bestudeer het en lees stadig nog 'n paar hoofstukke by, terwyl u nadink en merk. Op hierdie manier sal u vertrouwd raak met wat die Bybel werklik sê, **nie** wat misleiende mense aan u vertel wat gesê word nie!

Vra God dan in vurige persoonlike gebed om aan u begrip te gee. Wees bereid om die Christenskap van Christus na te volg, ongeag wat ookal gebeur. Onthou altyd die apostel Paulus se belangrike stelling: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20).

Sal Christus, deur die Heilige Gees wat Hy belowe, dieselfde soort lewe in u leef as wat Hy meer as 1,900 jaar gelede in die menslike vlees geleef het? Hebreërs 13:8 sê aan ons: “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid”. Het Christus die Tien Gebooe onderhou terwyl Hy in die menslike vlees was? Johannes 15:10 sê aan ons: “... soos Ek die gebooe van my Vader bewaar [het]”.

Waar het u dus u godsdiens vandaan gekry? Hoe het dit gekom dat u die dinge glo wat u glo? Het u u godsdienslike konsepte in die Bybel gekry, of het u u godsdienslike idees van familie en vriende gekry?

Eerlikwaar, die meeste mense kry nie hulle godsdiens uit die Bybel nie. Dit kan seermaak om dit te erken. Dit kan egter maklik in die oorgrote meerderheid gevalle bewys word.

Sal u verander?

Dit is vir die meeste mense baie moeilik om te erken dat hulle verkeerd is. Menslike trots weerhou 'n mens daarvan om dit te doen. Volgens die geïnspireerde Woord van God, is dit tog die beginpunt van ware Christenskap. Nadat

Jesus Christus Sy bediening begin het, het Hy gereeld aan Sy luisteraars gesê: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom” (Mattheus 4:17). Ons lees in die Evangelie van Markus: “En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; **bekeer** julle en glo die evangelie” (Markus 1:14-15). Jesus het later weer gesê: “Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie **bekeer** nie, sal julle almal net so omkom” (Lukas 13:5).

Die woord “bekeer” beteken om te **verander**. Weereens, die meeste mense is **nie gewillig** om te erken dat hulle verkeerd is nie en hulle **wil** sekerlik **nie** verander nie! Soos sir Winston Churchill gesê het voordat hy die Laerhuis toegesprek het: “Mense struikel soms oor die waarheid, maar die meeste van hulle staan net op en haas hulle verder asof niks gebeur het nie”.

Indien God dit duidelik gemaak het hoe om Sy ryk finansiële seënige te verkry, sal u doen wat Hy vereis om dit te verkry? Lees my artikel: “Sal God u en u finansies seën?” elders in hierdie uitgawe. Sal u Christus se opdrag om te “waak” uitvoer indien die eindtydse profetiese gebeure begin om teen 'n steeds vinniger tempo vervul te word, namate ons die tyd van Christus se Wederkoms nader? Lees mnr. Richard Ames se artikel, “Profetiese Ontwikkeling vir 2015”, elders in hierdie uitgawe. Lees elke artikel in hierdie uitgawe en bestudeer die Skrifverwysings waarna elke outeur verwys. Die Skrif is die persoonlike gedagtes van God in gedrukte vorm en namate u meer met die Woord van God vertrouwd raak en leer hoe om dit in u lewe toe te pas, sal u nader aan u Verlosser groei en Sy seënige ervaar soos nog nooit tevore nie. Moet dus nie hierdie groot geleentheid verbeur wat God aan u gee om te leer en te verander en te

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

groei nie!

Namate die einde van hierdie tydvak nader kom, mag God u help om Sy geïnspireerde Woord te bestudeer en te bewys dat wat u glo uit die Bybel kom. Dan sal u op 'n stewige fondament staan. U sal leer om God, asook die opgestane Jesus Christus wat aan God se

regerhand sit, op 'n manier wat u nog nooit voorheen beleef het nie, werklik te leer ken.



Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, kanaal 263 op DStv.

Wêreld van Môre Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**